# 22 September 2023 - Lesing 133 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die evangelie van die liefde

**NO: 7586** Steeds weer sal My evangelie aan julle verkondig word. Want Ek sal nooit ophou om die **gebooie van die liefde** bekend te maak nie, omdat die nakoming daarvan die belangrikste van jou aardse bestaan is.

Daarom sal Ek steeds weer My boodskappers na julle stuur **wat aan julle die goddelike leer van die liefde sal oordra.** Julle sal steeds weer die evangelie van die liefde moet hoor, sodat julle My wil sal ken en in ooreenstemming hiermee julle lewenswandel sal kan lei. Ek sal nie nalaat om liefde te verkondig nie, **want slegs deur die liefde kan julle salig word.**

Julle hele aardse bestaan is nutteloos wanneer julle nalaat om in liefde werksaam te wees. En julle kan aardse suksesse in oorvloed hê, maar dit is waardeloos vir jou siel **wat slegs deur werke van liefde kan rypword.**

En wanneer Ek **My leerlinge** uitstuur in die wêreld, dan gee Ek hulle slegs die goddelike leer van die liefde om as taak te verkondig, omdat dit die belangrikste is wat die mens moet weet, omdat al die ander kennis so lank onbegryplik sal bly, **totdat die mens begin streef na 'n lewe in liefde.** Julle sal dus steeds weer dieselfde hoor:

Het God lief bo alles en die naaste soos jouself. En 'n lewenswandel wat aan hierdie twee gebooie beantwoord, sal geseënd wees. Dit sal vir julle resultate oplewer. Julle sal die lewe op aarde nie tevergeefs afgelê het nie, maar sal die doel bereik het, ten behoewe waarvan julle op aarde is. **Want die vervulling van hierdie gebooie bring die verandering van julle wese tot stand.**

Julle sal in julle laaste beliggaming as mens die toestand bereik waarin julle julleself in die allereerste begin opgehou het en julle sal heeltemal rypgeword hierdie vorm kan verlaat. **Julle kan dan na die dood van julle liggame vry en onbesorg die geestelike ryk binnegaan.**

Om die liefde te beoefen, is die vernaamste gebod. Dit is die eerste en belangrikste waarvan die vervulling julle lot in die ewigheid sal bepaal. Elke sukses wat julle aards sal bereik, watter omvangryke kennis, aardse eer en roem ookal - dit is alles van generlei waarde wanneer die liefde nie in julle is nie, wat julle eers die korrekte insig gee, wat van al die aardse op die korrekte wyse gebruikmaak en wat julle op die geestelike weg lei waarvan die doel Ekself is.

Want **slegs die liefde** voer julle weer terug na My van Wie julle eens weggegaan het. **Slegs die liefde** vorm julle sodanig dat julle weer in My nabyheid kan kom en **slegs die liefde** bring die verbinding met My tot stand wat julle tot salige wesens maak. En wanneer julle die liefde buite beskouing laat, dan is julle siele dood. Want **slegs die liefde** wek haar tot lewe.

Maar in die lewe op aarde sal julle weer die ewige lewe moet verwerf wat **slegs deur die liefde** verkry kan word.

Julle moet die toestand van die dood ontvlug, julle moet lewend raak. En daarom laat Ek julle steeds weer My evangelie toekom. Ek spreek self tot julle. Ek stel vir julle die belangrikheid van die gebooie van die liefde voor oë en sal nooit ophou om My boodskappers in die wêreld in te stuur **met die opdrag om die Goddelike liefdesleer te verkondig** nie, want daarvan hang jou lot in die ewigheid van af.

Dit hang van die nakoming van My gebooie van die liefde af, of die gang oor die aarde die afsluiting is van 'n eindelose tye durende gang in die (materiële) vorm en of julle ook die laaste vorm sal kan aflê en as **vrye geeste** sal kan binnegaan in die ewigheid. Ek wil julle daarby help en daarom spreek Ek julle steeds weer toe. En steeds weer is dit My uitdruklike aanmaning aan alle mense:

**Het God lief bo alles en jou naaste soos jouself**. Amein.